Vir doeleinades van ekonomiese beleid, is dit natuurlik ook onontbeerlik om noukeurige inligting oor 'n land se betalingsbalans en sy internasionale beleggingsposisie te hê. As gevolg van die relatiewe belangrikheid van Suid-Afrika se buitelandse transaksies in vergelyking met sy totale ekonomiese bedrywigheid, het betalingsbalansoorwegings nog altyd 'n belangrike rol in die formulering van ekonomiese beleid gespeel. Noukeurige inligting oor 'n land se buitelandse betrekkinge is net so belangrik omdat dit die owerhede op 'n sistematiese wyse van 'n rekord van buitelandse transaksies en die internasionale beleggingsposisie van die land voorsien. Omdat hierdie rekeninge boonop deel vorm van die breër makro-ekonomiese rekeningkundige stelsel, verklaar hulle die invloed van buitelandse transaksies op die nasionale inkomse, besparings en ander belangrike ekonomiese groothede.

2. Samestelling van die gegewens

'n Belangrike deel van die sensus het bestaan uit die samestelling van 'n omvattende lys van individue en organisasies wat gedurende 1980 in transaksies met inwoners van ander lande betrokke was en wat buitelandse laste en/of bates aan die einde van die jaar gehad het. Vir hierdie doel is 'n voorlopige vraelys aan ongeveer 210 000 maatskappye in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika uitgestuur ten einde dié maatskappye op te spoor wat gedurende 1980 betrekkinge met buitelanders gehad het. Hierdie vraelys het inligting vereis van buitelandse aandeelhouing in maatskappye wat in Suid-Afrika sake doen, die ekonomiese bedrywigheid van die maatskappy, die totale boekwaarde van die bates, die omset en die aantal persone in diens by die maatskappy.

Op grond van hierdie inligting is vervolgens 24 400 gedetailleerde vraelyste uitgestuur aan maatskappye wat betrekkinge met nie-inwoners gehad het. In teenstelling met baie ander lande wat hulle opnames beperk tot spesifieke klasse van buitelandse bates en laste oor-

eenkomstig voorafbepaalde vereistes, is die Reserwebank se vraelyste hoofsaaklik gebaseer op die volledige stel van finansiële rekeninge van die betrokke maatskappye. Die inligting wat in vraelyste vereis is, was basies 'n onderverdeling van hulle inkomstestate volgens transaksies met buitelanders, inwoners van Suidwes-Afrika en inwoners van Suid-Afrika en van hulle balans-state volgens uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders, inwoners van Suidwes-Afrika en inwoners van Suid-Afrika.

Hierdie benadering het die voordeel dat dit kontroles verskaf op die konsekwentheid van die inligting wat voorsien is. So byvoorbeeld moet die twee kante van die balansstaat balanseer en kan inligting in die inkomsterekeninge, soos die netto wins, dividende en herbelegde verdienstes in verband gebring word met balansstaatposte. 'n Paar ander vrae is ook by die vraelys ingesluit met die doel om die konsekwentheid van die inligting oor buitelandse transaksies, laste en bates te toets. Verdere voordele is die verskaffing van 'n basis vir waardering in ooreenstemming met die konsep van netto waarde en om 'n vraelys te hê wat voldoen aan die gewone rekeningkundige beginsels.

Die benadering van volledige finansiële rekeninge het 'n aantal nadele. Ten eerste word meer inligting vereis as wat streng gesproke nodig is. Ten tweede word te veel staat gemaak op balansstaatinligting vir waardasiedoeleindes. Om hierdie nadeel te oorkom, is bykomende vrae met betrekking tot die markwaarde van grond, geboue en konstruksiewerke en die waarde van aandelebeleggings in buitelandse ondernemings teen netto waarde by die vraelys gevoeg. Ten derde mag uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders as gevolg van handelstransaksies onvolledig en verkeerd verstrek word. Om hierdie moontlikheid te verminder, is 'n bepaalde vraag oor die finansiering van buitelandse handel in die vraelys ingesluit. Op hierdie wyse is die aandag van die respondent spesifiek op die vereiste dat hierdie uitstaande laste en eise verstrek moet word, gevestig en terselfdertyd was dit moontlik om te bepaal of die uitstaande laste en eise wat verstrek is in werklikheid vir die rekening van die betrokke verslaggewende maatskappy was. Inligting is ook verkry van banke aangaande hul finansiering van buitelandse handel wat nie op die balansstaat verskyn nie. Omdat sommige van die buitelandse laste van die land in die naam van genomineerde geregistreer mag wees, is daar verder afsonderlike vraelyste gestuur aan inwoners van Suid-Afrika wat as genomineerde van buitelanders opgetree het, sodat toepaslike aansuiwerings aan die verstrekte inligting gemaak kon word.

Benewens die vraelyste wat aan maatskappye gestuur is, is 29 900 vraelyste ook aan individue, vennootskappe, boere, nie-winssoekende organisasies, adminstreerders van trusts en ander nie-geïkorporeerde ondernemings gestuur. In teenstelling met dié voorafgaande Tweede Sensus, toe dit aan die inisiatief van individue oorgelaat is om die vraelyste van hulle

plaaslike banke te bekom, is vraelyste vir voltooiing gestuur aan individue van wie dit bekend was dat hulle gedurende 1980 by buitelandse transaksies betrokke was, of dat hulle aan die einde van 1980 uitstaande buitelandse laste en bates gehad het. Die vroeë op hierdie vorms het slegs na bepaalde soorte van buitelandse transaksies, laste en bates verwys.

3. Waardasie- en tydsansuiwering

Die waardasie van bates en laste lewer ernstige probleme op omdat individue en organisasies die waarde van balansstaatposte in hul boeke teen produksiekoste, aankoopskoste, vervangingskoste, mark- of verkoopswaarde of oordragkoste tussen geaffilieerde maatskappye mag te boek stel. By die waardasie van Suid-Afrika se buitelandse bates en laste, is daar altyd 'n buigsame benadering gebruik, in soverre dat dit waardeer is teen netto waarde, markwaarde of boekwaarde, afhangende van die toepaslikheid van die waardasiemetode.

Gewone aandele met 'n belang in winste en reserwes, is in die sensus op grond van netto waarde gewaardeer, dit wil sê 'n gedeelte van die aandelepremie, reserwes en onverdeelde winste van Suid-Afrikaanse ondernemings is aan nie-inwoners toegedeel in verhouding met hulle persentasie-aandeel in die nominale waarde van totale aandelekapitaal. Ten einde fiktiewe boekwaardes van reserwes en onverdeelde winste te vermy, is die reserwes aangepas om die verskil tussen die mark- en boekwaardes van die grond, geboue en konstruksiewerke en van die verskil tussen die netto waarde en die boekwaarde van beleggings in gewone aandele van buitelandse ondernemings in aanmerking te neem. Weens probleme wat met die verkryging van voldoende inligting ondervind is, kon soortgelyke aanpassings aan die reserwes en onverdeelde winste van buitelandse ondernemings waarin Suid-Afrikaanse inwoners fondse belê het, nie gemaak word nie. Die onvermoë om toepaslike inligting te verkry, het ook tot gevolg gehad dat die belegging deur Suid-Afrikaanse individue en nie-geïkorporeerde ondernemings in die gewone aandele van buitelandse organisasies, nie teen die netto waarde gewaardeer kon word nie. Hierdie beleggings is teen die markwaarde, soos wat dit deur die respondent verstrekk is, gewaardeer.

Plase en ander vaste eiendom is teen geraamde markpryse gewaardeer. Alle ander buitelandse bates en laste is teen boekwaardes gewaardeer. Verslaggewende organisasies en persone is versoek om alle buitelandse laste en bates wat in buitelandse geldeenheide gedenomineer is, behalwe dié waarvoor termyn-valutadekking gereël is, in rand om te skakel teen die middelmarkwisselkoerse soos aan die einde van 1980. In die geval waar bates en laste deur termynvalutakontrakte gedek is, is die respondent versoek om die kontrakoers te gebruik vir die omskakeling van die betrokke bedrae in buitelandse valuta na rand.

Die tydstip waarop transaksies in finansiële eise geag is plaas te gevind het, is ook van belang in die aanteke-

ning van bates en laste. In ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds is die prosedure in die sensus aanvaar om 'n transaksie op die tydstip aan te teken wanneer die krediteur en debiteur onderskeidelik die eis en las in hulle boeke aanteken. Alle buitelandse transaksies is vir die kalenderjaar 1980 bereken, terwyl die waardes van die uitstaande buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1980 bepaal is. In die samestelling van Suid-Afrika se buitelandse belegging, was inligting omtrent die aandelepremie, reserwes en onverdeelde winste van buitelandse organisasies nie altyd vir die kalenderjaareinde beskikbaar nie en moes die naaste finansiële-jaareindsyfers aanvaar word.

4. Begrippe en definisies

Die begrippe en definisies wat in hierdie sensus gebruik is, is gebaseer op internasionale standarde wat deur die Internasionale Monetêre Fonds in sy Betalingsbalanshandleiding voorsien is en wat effens vir Suid-Afrikaanse toestande aangepas is.

(a) Binnelandse gebied

Die binnelandse gebied is vir die doeleindes van hierdie sensus gedefinieer as bestaande uit die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Bophuthatswana, Transkei en Venda. Die term Suid-Afrika word in hierdie verslag gebruik om hierdie gebied te beskryf.

(b) Inwoner van Suid-Afrika

'n Inwoner van Suid-Afrika is gedefinieer as: (i) 'n individu wat woon, of van plan is om te woon, of wat sy hoofkwartier maak in Suid-Afrika vir 'n tydperk van 12 opeenvolgende maande of langer; (ii) 'n Organisasie wat in Suid-Afrika sake doen, uitsluitende enige buitelandse diplomatieke of militêre sending of verteenwoordiger in Suid-Afrika; en (iii) 'n Suid-Afrikaanse ambassade of konsulaat in die buiteland.

In die geval van individue is die bedoeling dat die begrip inwoner alle persone sal insluit wat in Suid-Afrika op 'n ander as tydelike basis woonagtig is. Hierdie is die persone wie se "belanggebied" geag word om in Suid-Afrika te wees. In besonder sluit inwoners van Suid-Afrika alle persone in wat binne die binnelandse gebied van Suid-Afrika woonagtig is, behalwe trekarbeiders, toeriste, bemanningslede van skepe of vliegtuie en amptelike diplomatieke en konsulêre verteenwoordigers.

Organisasies wat in Suid-Afrika sake doen sluit in die verskillende vlakke van die algemene owerheid, ander owerhede, regeringsondernemings, maatskappye, takke, nie-geïnkorporeerde ondernemings, boedels, trusts en nie-winssoekende organisasies wat met die produksie van goedere en dienste binne die gebied van Suid-Afrika gemoeid is, selfs al word hulle deur buitelanders besit. Die definisie van 'n onderneming in terme van die gebied waarin dit geleë is, maak dit dikwels noodsaaklik om 'n enkele regspersoon (bv. 'n moedermaatskappy wat in een land sake doen en sy nie-geïnkorporeerde tak in 'n ander land) in twee of meer afsonderlike ondernemings te verdeel. Internasionale kontrakteurs wat kontrakwerk in minder as een jaar in Suid-Afrika voltooi, word as nie-inwoners beskou, maar as die konstruksietydperk langer is, word hulle as inwoners van Suid-Afrika beskou. In ooreenstemming met die beginsels wat deur die Internasionale Monetêre Fonds neergelê is, moet alle laste en bates van agente wat namens buitelandse prinzipale optree, as buitelandse laste en bate beskou word.

korporeerde tak in 'n ander land) in twee of meer afsonderlike ondernemings te verdeel. Internasionale kontrakteurs wat kontrakwerk in minder as een jaar in Suid-Afrika voltooi, word as nie-inwoners beskou, maar as die konstruksietydperk langer is, word hulle as inwoners van Suid-Afrika beskou. In ooreenstemming met die beginsels wat deur die Internasionale Monetêre Fonds neergelê is, moet alle laste en bates van agente wat namens buitelandse prinzipale optree, as buitelandse laste en bate beskou word.

(c) Buitelandse bates

Buitelandse bates sluit die volgende bates, wat deur inwoners van Suid-Afrika besit word, in:

- (i) aandele- en ander eienaarskapitaal in buitelandse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- (ii) finansiële en ander eise teen buitelanders, insluitende eise teen buitelandse bankinstellings en effekte uitgereik deur buitelandse owerheidsliggame;
- (iii) buitelandse papiergeeld en munt;
- (iv) vaste eiendom en plase, insluitende verbettings, geleë in die buiteland;
- (v) voorrade en ander fisiese bates geleë in die buiteland (Suid-Afrikaanse goedere in transito word as binnelandse bates beskou);
- (vi) versekeringspolisse uitgereik deur versekeringsorganisasies wat buitelandse inwoners is;
- (vii) huurkonakte, konsessies en grond- of minerale regte in die buiteland; en
- (viii) patente, handelsmerke en soortgelyke regte aan buitelanders toegestaan.

(d) Buitelandse laste

Buitelandse laste sluit die volgende binnelandse bates in wat deur buitelanders besit word:

- (i) aandele- en ander eienaarskapitaal in Suid-Afrikaanse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- (ii) finansiële en ander eise teen inwoners van Suid-Afrika, insluitende eise teen Suid-Afrikaanse bankinstellings en effekte uitgereik deur owerheidsliggame van Suid-Afrika;
- (iii) papiergeeld en munt van Suid-Afrika;
- (iv) vaste eiendom en plase, insluitende verbettings, geleë in Suid-Afrika;
- (v) voorrade en ander fisiese bates geleë in Suid-Afrika;
- (vi) versekeringspolisse uitgereik deur versekeringsorganisasies wat inwoners van Suid-Afrika is;
- (vii) huurkonakte, konsessies en grond- of minerale regte in Suid-Afrika; en
- (viii) patente, handelsmerke en soortgelyke regte aan inwoners van Suid-Afrika toegestaan.

(e) Regstreekse belegging

By die opname en ontleding van buitelandse laste en bates is dit belangrik om tussen regstreekse belegging en ander belegging te onderskei, en wel vanweë die verskille wat tot die beleggingsbesluite van dié twee klasse belegging aanleiding gee. In die geval van regstreekse belegging bestaan daar 'n besondere verwantskap tussen die transakteurs, wat geassosieer kan word met die vermoë van een entiteit om 'n opmerklike invloed op 'n ander in 'n verskillende land uit te oefen. Die voordele wat regstreekse beleggers verwag om van hul belegging te verkry verskil van dié wat deur ander beleggers verwag word. Hulle is in die posisie om nie net inkomte te ontvang op die kapitaalbelegging nie, maar ook om ander voordele te verkry, soos bestuursfooie, die uitbreiding van markte of die beveiliging van grondstofbronne. In teenstelling hiermee word portefeuiljebeleggers primêr gemotiveer deur sulke beweegredes soos inkomme-opbrengs, kapitaalappresasie, bemarkbaarheid, belastingvoordele en die veiligheid van die kapitaal.

Dit is moeilik om die grens tussen regstreekse en onregstreekse belegging vas te stel. In ooreenstemming met die Betalingsbalanshandleiding word 'n sekere mate van die besit van eienaarsbelang bykans altyd geag om met 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n onderneming geassosieer te word. Hierdie maatstaf word dan ook hoofsaaklik gebruik om regstreekse belegging in Suid-Afrika te definieer, maar voorsiening word ook gemaak vir ander metodes waarvolgens buitenlanders 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van Suid-Afrikaanse ondernemings kan bekom.

Belegging deur buitenlanders in Suid-Afrikaanse ondernemings word as regstreekse belegging beskou as dit die volgende behels:

- (i) 'n buitelandse onderneming se besit van 'n tak of deelname van buitenlanders in 'n vennootskap in Suid-Afrika;
- (ii) eienaarskap van ten minste 25 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur een buitelandse inwoner of verskeie geaffilieerde buitenlandse inwoners;
- (iii) eienaarskap van ten minste 50 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur verskeie inwoners van 'n enkele buitelandse land; en
- (iv) eienaarskap van minder as 25 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika, as die buitelandse inwoners nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, byvoorbeeld kragtens tantième of bestuursooreenkoms.

Volgens hierdie beskrywing kan nie-inwoners dus afsonderlik minder as 25 persent van die stemreg in 'n Suid-Afrikaanse organisasie besit, maar nogtans geag word om 'n regstreekse belegging te gemaak het indien hulle geaffilieerde organisasies en/of persone is wat ge-

samentlik ten minstens 25 persent van die stemreg besit. Geaffilieerde organisasies en/of persone sluit in:

- (i) getroude pare, hulle direkte voorouers, en hulle kinders;
- (ii) broers en susters;
- (iii) boedels en trusts, en hulle begunstigdes;
- (iv) met betrekking tot 'n bepaalde organisasie, alle ander organisasies of persone in dieselfde land wat elkeen ten minste 10 persent van die stemdraende aandele, of vergelykbare eiendomsreg, van eersgenoemde organisasie besit.

Die regstreekse beleggingskapitaal is beperk tot die kapitaal wat deur die regstreekse belegger voorsien is, hetsy regstreeks of deur middel van ander ondernemings wat aan die betrokke belegger verwant is. Dit sluit alle kapitaal in wat deur die regstreekse belegger voorsien is, dit wil sê aandekapitaal, herbelegde winste wat aan die regstreekse belegger toegeskryf is, langtermynleningskapitaal, enige ander vorm van langtermynkapitaal en korttermynkapitaal.

Insgelyks verwys Suid-Afrikaanse regstreekse belegging in ander lande na die belegging in buitelandse takke van Suid-Afrikaanse ondernemings, deelname in vennootskappe, belegging in buitelandse ondernemings waarin Suid-Afrikaanse inwoners 25 persent of meer van die stemdraende aandele besit, of waar hulle 'n effektiewe seggenskap in die beleid van buitelandse ondernemings by wyse van ander ooreenkoms uitoeffen. Vanweë probleme wat met die insameling van die inligting ondervind is, was dit egter nie altyd moontlik om die gesamentlike regstreekse belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland vas te stel nie, veral nie waar die Suid-Afrikaanse inwoners afsonderlik minder as 10 persent van die totale stemreg in 'n buitenlandse onderneming besit het nie.

(f) Onregstreekse belegging

Onregstreekse belegging verwys na alle buitelandse laste en bates wat nie by regstreekse belegging ingesluit is nie.

(g) Sentrale regering en banksektor

Die sentrale regering en banksektor sluit in die Sentrale Regering van Suid-Afrika (insluitende die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste), onafhanklike nasionale state, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Nasionale Finansiékorporasie, handelsbanke, aksepbanke en ander bankinstellings waarvan die gemiddelde maandelikse bedrag aan onmiddellik opeisbare depositoverpligtigs gedurende die voorafgaande kalenderjaar ten minste R5 miljoen bedra het en waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan kort- en middeltermyndepositoverpligtigs gedurende die voorafgaande kalenderjaar gesamentlik minstens een-derde van die totale depositoverpligtigs van so 'n instelling of ten minste R30 miljoen bedra het.

(h) Openbare korporasies en plaaslike owerhede
 Openbare korporasies is organisasies wat deur 'n wet van die Parlement as openbare korporasies ingelyf is, soos byvoorbeeld die Elektriesiteitsvoorsieningskommissie en die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk, hulle volle filiale, landboubeheerrade, en maatskappye wat deur die regering deur middel van aandeelhouding, stemreg of die aanstelling van die meerderheid van die raad van direkteure beheer word. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie is nie by hierdie sektor ingesluit nie, maar word by die sentrale regering en banksektor ingesluit. Plaaslike owerhede sluit munisipaliteit, dorpsrade, plaaslike gesondheidskomitees, afdelingsrade, gemeenskapsrade, administrasierade, streekswatervoorsieningskorporasies en plaaslike waterrade in.

(i) Private sektor

Die private sektor het betrekking op alle persone en organisasies wat nie by die sentrale regering en banksektor of by openbare korporasies en plaaslike owerhede ingesluit is nie.

(j) Langtermynkapitaal

Langtermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates met 'n onbepaalde looptyd of met 'n oorspronklike vaste looptyd tot aflossing van 12 maande of langer. Hierdie onderskeid is in ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds. Indien 'n las of 'n bate oorspronklik as langtermyn geklassifiseer is, word dit altyd as langtermyn beskou selfs nadat die uitstaande aflossingstermyn minder as 'n jaar geword het.

(k) Korttermynkapitaal

Korttermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates wat op aanvraag betaalbaar is of met 'n oorspronklike vaste looptyd van minder as 12 maande.

(l) Nywerheidsklassifikasie

Organisasies word volgens nywerheidsektor geklassifiseer op grond van die Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede soos deur die Sentrale Statistiekdiens (voorheen bekend as die Departement van Statistiek) opgestel.

Alhoewel die vorige sensus se resultate ook op hierdie grondslag geklassifiseer is, is die resultate van die twee sensusse nie vergelykbaar nie. Die gepubliseerde resultate van die Tweede Sensus in 1973 het slegs na die private sektor, insluitende die openbare korporasies en plaaslike owerhede verwys, terwyl die resultate wat in hierdie verslag gepubliseer word na al die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika verwys. Hierbenewens is die finansiële beheermaatskappye in die Tweede Sensus volgens die bedrywighede van sy filiale geklassifiseer indien hierdie bedrywighede hoofsaaklik in een sektor gekonsentreer was. In die Derde Sensus is hierdie maatskappye in die sektor finansies, versekering,

vaste eiendom en sakedienste geklassifiseer, ongeag die bedrywighede van hulle filiale. Hierdie metode is aanvaar om dit in ooreenstemming te bring met dié van die Sentrale Statistiekdiens, ten einde vergelykbaarheid te verkry tussen die sensusresultate en ander inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens gepubliseer word.

5. Buitelandse laste

Die resultate van die sensus toon dat Suid-Afrika se buitelandse laste aan die einde van 1980 R25,5 miljard bedra het, vergeleke met R10,4 miljard aan die einde van 1973 en R2,7 miljard aan die einde van 1956. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename in buitelandse laste het dus van 8 persent in die tydperk van 1956 tot 1973 tot 13½ persent in die tydperk van 1973 tot 1980 versnel, ten spyte van die feit dat Suid-Afrika 'n netto uitvloeiing van kapitaal van 1977 tot 1980 gehad het. Hierdie versnelling het in feitlik al die hoofgroepe van buitelandse laste voorgekom maar was veral opmerklik in die geval van leningskapitaal en aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.

Soos in die bygaande tabel getoon word, bestaan Suid-Afrika se buitelandse laste hoofsaaklik uit langtermynlaste. In al drie die sensusjare het hierdie laste meer as 80 persent van die totale buitelandse laste beloop. Van die einde van 1956 tot die einde van 1980 het die aandeel van buitelandse korttermynlaste egter effens gestyg van ongeveer 16 persent tot amper 19 persent. Die buitelandse langtermynlaste het hoofsaaklik bestaan uit aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins en verbande en langtermynlenings wat in die buiteland verkry is. Laasgenoemde klas het van 15 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1956 tot bykans 26 persent aan die einde van 1980 toegeneem. Terselfdertyd het die aandelekapitaal van buitelanders in Suid-Afrikaanse ondernemings van 23 persent van buitelandse laste tot net minder as 7 persent afgeloop.

Persentasie-aandeel van die hoofgroepe van buitelandse laste

	Aan die einde van		
	1956	1973	1980
Aandelekapitaal	23,1	10,4	6,8
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	38,2	44,5	42,7
Tak- en venootskapsaldo's	3,0	2,0	0,7
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke effekte	4,4	4,2	4,1
Verbande en langtermynlenings..	15,1	20,6	25,7
Ander langtermynkapitaal	0,4	1,1	1,3
Totalle langtermynlaste	84,2	82,8	81,3
Korttermynlaste	15,8	17,2	18,7
Totalle buitelandse laste	100,0	100,0	100,0

neem, hoofsaaklik as gevolg van sekere valutabeheer-regulasies in Suid-Afrika sowel as in ander lande, 'n vinnige koers van toename in die openbare korporasies se investering en politieke ontwikkelings. Desnieteenstaande het die eienaarskapitaal van buitelanders aan die einde van 1980 steeds R13,1 miljard bedra, vergeleke met die R12,4 miljard van die uitstaande buitelandse langtermyn- en korttermynlenings.

Regstreekse belegging was verantwoordelik vir R12,3 miljard, of ongeveer 48 persent, van die totale buitelandse laste aan die einde van 1980, vergeleke met bykans 50 persent aan die einde van 1956. Die buitelandse regstreekse belegging het hoofsaaklik uit langtermynkapitaal en, meer in besonder, uit aandelekapaal bestaan. Die aandelekapaal van regstreekse beleggers het van R1,0 miljard aan die einde van 1956 tot R9,8 miljard aan die einde van 1980 toegeneem, of van 75 persent van buitelandse regstreekse laste tot bykans 80 persent.

Onregstreekse belegging deur buitelanders het in die sewentigerjare teen 'n vinniger koers as regstreekse belegging gestyg. As gevolg hiervan het die verhouding van onregstreekse belegging tot totale buitelandse laste, wat van 50 persent aan die einde van 1956 tot 46 persent aan die einde van 1973 gedaal het, skerp tot 52 persent aan die einde van 1980 toegeneem. Hierdie toename was toe te skryf aan 'n skerp styging in die aandeel van langtermynleningskapitaal in die totale buitelandse onregstreekse belegging, naamlik van 30 persent aan die einde van 1956 tot 51½ persent aan die einde van 1980. Onregstreekse korttermynlaste se aandeel het van 15½ persent tot net meer as 23 persent in die ooreenstemmende tydperk gestyg. Hierdie toenames het plaasgevind ten koste van onregstreekse eienaarskapitaal, waarvan die aandeel van 54 persent aan die einde van 1956 tot 23 persent aan die einde van 1980 gedaal het.

Buitelandse belegging in Suid-Afrika het oorheersend in die private sektor plaasgevind en het aan die einde van 1980 R18,2 miljard of 71 persent van totale buitelandse laste bedra. Buitelandse belegging in die private sektor was, op sy beurt, oorwegend in die vorm van regstreekse belegging. Aan die einde van 1980 het die aandeel van regstreekse belegging 65½ persent van die buitelandse laste van die private sektor bedra, wat slegs effens laer was as die 67 persent aan die einde van 1973, maar aansienlik hoër as die 55 persent aan die einde van 1956. Buitelandse belegging in die private sektor het egter van 86½ persent van die totale buitelandse laste aan die einde van 1956 tot ongeveer 71 persent aan die einde van 1980 gedaal, terwyl die aandeel van die sentrale regering en banksektor en openbare korporasies en plaaslike owerhede toegeneem het. Die aandeel van die openbare korporasies en plaaslike owerhede, in besonder, het oor dieselfde tydperk skerp gestyg van 3 persent tot 16½ persent vanweë 'n ooreenstemmende skerp toename in die buitelandse lenings wat deur hierdie instellings verkry is.

'n Klassifikasie van die buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, toon dat hierdie laste hoofsaaklik in die sektore fabriekswese; finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste; mynbou en steengroewery; en groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie, gekonsentreer was. Hierdie vier sektore het aan die einde van 1980 80½ persent van die buitelandse laste verantwoord, in vergelyking met hul bydrae van 67 persent tot die bruto binnelandse produk teen heersende faktorkoste gedurende 1980. Die buitelandse belegging in die fabriekswese en groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie was hoofsaaklik in die vorm van regstreekse belegging, terwyl regstreekse belegging slegs effens hoër was as onregstreekse belegging in die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste. Buitelanders se belegging in mynbou en steengroewery het oorwegend uit onregstreekse belegging bestaan wat vir meer as 70 persent van hierdie sektor se buitelandse laste verantwoordelik was. Onregstreekse belegging van buitelanders was ook betreklik belangrik in die sektore elektrisiteit, gas en water; vervoer, opberging en kommunikasie; en gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste, weens die betreklike groot aandeel van die buitelandse laste van die openbare sektor wat in hierdie sektore ingesluit is.

Die EEG-lande bly steeds die belangrikste bron van buitelandse kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, maar hulle aandeel in buitelandse laste het van 71 persent aan die einde van 1956 tot 58 persent aan die einde van 1980 gedaal. Hierdie afname het plaasgevind as gevolg van 'n ooreenstemmende skerp toename in die aandeel van ander Wes-Europese lande en lande in Noord- en Suid-Amerika. Die aandeel van die Asiatische lande het, alhoewel steeds betreklik klein, ook in hierdie tydperk skerp toegeneem, terwyl dié van die Afrikaanse lande aanvanklik gestyg het maar daarna in die sewentigerjare effens gedaal het.

6. Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het aan die einde van 1980 R13,3 miljard bedra, in vergelyking met R3,4 miljard aan die einde van 1973 en R0,8 miljard aan die einde van 1956. Die buitelandse bates het vanaf die einde van 1956 tot die einde van 1973 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 8½ persent toegeneem, en hierdie koers van toename het in die volgende sewe jaar tot bykans 21½ persent versnel. Hierdie vinnige koers van toename gedurende laasgenoemde jare kan in hoofsaak aan die verandering in die waardasie van die goudreserwes van die land toegeskryf word. Sedert die einde van April 1978, is die goudreserwes teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien Londense vasstellingspryse gedurende die maande waardeur. Ooreenkomsdig hierdie metode, is die goudreserwes aan die einde van 1980 teen R399,42 per fyn ons gewaardeer, vergeleke met die waardasie teen die statutêre prys van R29,55 per fyn ons aan die einde van 1973. In weerwil van 'n da-

ling in die goudreserwes van 18,99 miljoen fyn onse aan die einde van 1973 tot 12,15 miljoen fyn onse aan die einde van 1980, het die waarde van die goudreserwes van R565 miljoen tot R4 854 miljoen oor dieselfde tydperk toegeneem.

Die waarde van Suid-Afrika se buitelandse bates, uitsluitende goud, het van die einde van 1973 teen 'n gemiddelde jaarkoers van ongeveer 17 persent tot R8,5 miljard aan die einde van 1980 toegeneem. Hierdie koers van toename was ook heelwat hoër as die ooreenstemmende gemiddelde jaarkoers van 9 persent van die einde van 1956 tot die einde van 1973. Hierdie versnelling in die koers van toename het in die vorm van sowel langtermyn- as korttermynkapitaal plaasgevind. Buitelandse langtermynbates het egter van die einde van 1956 tot die einde van 1980 teen 'n hoëre koers as korttermynbates gestyg, met die gevolg dat die aandeel daarvan in die buitelandse bates (uitgesonderd goud), gedurende hierdie tydperk van 60 persent tot 64 persent gestyg het. Suid-Afrika se aandeel in die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van buitelandse ondernemings en van verbande en langtermynlenings aan nie-inwoners het in besonder teen 'n baie hoë koers toegeneem, wat tot 'n toename in hulle aandeel in die buitelandse bates ten koste van aandelekapitaal en ander langtermynbates gelei het.

Indien die goudreserwes van Suid-Afrika se buitelandse bates uitgesluit word, het die private sektor ongeveer 71 persent van die ander buitelandse bates aan die einde van 1980 besit, wat R6,0 miljard bedra het. Hierdie aandeel van die private sektor was aanmerklik hoër as die 65 persent aan die einde van 1956. Die aandeel van die openbare sektor het, uit die aard van die saak, 'n ooreenstemmende daling getoon. Die grootste deel van die private sektor se buitelandse belegging bestaan uit eienaarskapitaal in buitelandse ondernemings, alhoewel korttermynbates ook betreklik belangrik is.

Persentasie-aandeel van die hoofgroep van buitelandse bates, uitsluitende goud

	Aan die einde van		
	1956	1973	1980
Aandelekapitaal	15,0	11,4	7,3
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	9,7	26,6	30,4
Tak- en venootskapsaldo's	6,6	0,3	0,5
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke effekte	5,2	0,9	1,2
Verbande en langtermynlenings..	5,9	9,7	14,8
Ander langtermynkapitaal	17,4	11,8	10,6
Total langtermynbates	59,8	60,7	64,8
Korttermynbates	40,2	39,3	35,2
Buitelandse bates uitsluitende goud	100,0	100,0	100,0

Die openbare sektor se buitelandse bates, uitgesonderd goud, (insluitende dié van die openbare korporasies, plaaslike owerhede en private monetêre bankinstellings) het aan die einde van 1980 R2,5 miljard bedra, waarvan R800 miljoen buitelandse valutareserwes en bykans R750 miljoen ledegeld aan internasionale organisasies verteenwoordig het.

Die buitelandse bates, uitsluitende goud, was aan die einde van 1980 ongeveer gelyk tussen regstreekse en onregstreekse belegging verdeel. Bowendien het die relatiewe aandeel van hierdie beleggings nie sedert die einde van 1973 veel verander nie, maar in vergelyking met die gegewens aan die einde van 1956 het regstreekse belegging as 'n persentasie van buitelandse bates baie skerp toegeneem. Soos verwag kon word in die lig van die valutabeheermaatreëls van die afgelope twintig jaar, was die grootste deel van die regstreekse belegging in besit van die private sektor, in die vorm van eienaarskapitaal. Laasgenoemde beleggings het 70 persent van die totale regstreekse belegging van Suid-Afrika in die buiteland uitgemaak. Onregstreekse belegging het, aan die ander kant, hoofsaaklik uit langtermynleningskapitaal, ledegeld aan internasionale organisasies en korttermynbates, bestaan.

'n Klassifikasie van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens geografiese gebied toon dat Suid-Afrika se buitelandse bates aan die einde van 1980 redelik goed verspreid was, met die grootste deel in die EEG-lande, die Amerika's en Afrika. Die persentasie-aandeel van Noord- en Suid-Amerika in Suid-Afrika se buitelandse bates, uitsluitende goud, het egter van ongeveer 10 persent aan die einde van 1956 tot bykans 28 persent aan die einde van 1980 toegeneem. Alhoewel dit nog betreklik klein is, het Suid-Afrika se belegging in Asië teen 'n vinniger koers toegeneem as in die geval van ander gebiede. Van die einde van 1973 tot die einde van 1980, het hierdie belegging vanaf 'n onbeduidende deel tot bykans 4½ persent van die totale buitelandse bates (uitsluitende goud) toegeneem, terwyl die aandeel van die Europese lande skerp tot 46 persent aan die einde van 1973 gestyg het, voordat dit tot 37 persent aan die einde van 1980 gedaal het. Buitelandse belegging in die Afrika-lande het van 38 persent van totale buitelandse bates aan die einde van 1956 tot 21 persent aan die einde van 1980 gedaal.

Contents

Inhoudsopgawe

Statistical tables

<i>Table</i>	<i>Page</i>	<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
1 Foreign liabilities of South Africa, 31 December 1980	A2-3	1 Buitelandse laste van Suid-Afrika, 31 Desember 1980	A2-3
2 Foreign assets of South Africa, 31 December 1980	A4-5	2 Buitelandse bates van Suid-Afrika, 31 Desember 1980	A4-5
3 Foreign liabilities of South Africa by kind of economic activity, 31 December 1980	A6-7	3 Buitelandse laste van Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1980	A6-7
4 Foreign liabilities of agriculture, forestry and fishing, 31 December 1980	A8-9	4 Buitelandse laste van landbou, bosbou en vissery, 31 Desember 1980	A8-9
5 Foreign liabilities of mining and quarrying, 31 December 1980	A10-11	5 Buitelandse laste van mynbou en steengroewery, 31 Desember 1980	A10-11
6 Foreign liabilities of manufacturing, 31 December 1980	A12-13	6 Buitelandse laste van fabriekswese, 31 Desember 1980	A12-13
7 Foreign liabilities of electricity, gas and water, 31 December 1980	A14-15	7 Buitelandse laste van elektrisiteit, gas en water, 31 Desember 1980	A14-15
8 Foreign liabilities of construction, 31 December 1980	A16-17	8 Buitelandse laste van konstruksie, 31 Desember 1980	A16-17
9 Foreign liabilities of wholesale and retail trade, catering and accommodation, 31 December 1980	A18-19	9 Buitelandse laste van groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie, 31 Desember 1980	A18-19
10 Foreign liabilities of transport, storage and communication, 31 December 1980	A20-21	10 Buitelandse laste van vervoer, opbergting en kommunikasie, 31 Desember 1980	A20-21
11 Foreign liabilities of finance, insurance, real estate and business services, 31 December 1980	A22-23	11 Buitelandse laste van finansies, versekering, vaste eiendom en sakeidienste, 31 Desember 1980	A22-23
12 Foreign liabilities of community, social and personal services, 31 December 1980	A24-25	12 Buitelandse laste van gemeenskapmaatskaplike en persoonlike dienste, 31 Desember 1980	A24-25
13 Foreign liabilities of individuals and organisations not included elsewhere, 31 December 1980	A26-27	13 Buitelandse laste van individue en organisasies nie elders ingesluit nie, 31 Desember 1980	A26-27

Statistiese tabelle

TABEL 1
BUITELANDSE LASTE VAN SUID-AFRIKA, 31 DESEMBER 1980
R miljoene

	EEG- lande EEC countries	Res van Europa Rest of Europe	Noord- en Suid-Amerika North and South America	Afrika Africa
Regstreekse belegging				
Sentrale regering en banksektor	377	16	13	24
Langtermyn	373	10	10	—
Korttermyn	4	6	3	24
Private sektor	7 460	1 048	2 904	203
Langtermyn	6 316	916	2 659	106
Gewone en ander aandele, nominale waarde	879	173	326	12
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	4 818	672	2 058	68
Saldo's van takke en vennootskappe	56	4	124	—
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	67	—	28	—
Verbande en langtermynlenings	493	67	123	25
Ander	3	—	—	1
Korttermyn	1 144	132	245	97
Totale regstreekse belegging	7 837	1 064	2 917	227
Onregstreekse belegging				
Sentrale regering en banksektor	1 087	240	513	243
Langtermyn	902	197	399	4
Korttermyn	185	43	114	239
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	2 759	805	412	13
Langtermyn	2 696	788	406	13
Korttermyn	63	17	6	—
Private sektor	3 017	927	1 509	347
Langtermyn	2 240	828	1 020	130
Gewone en ander aandele, nominale waarde	150	52	56	13
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	1 476	509	569	73
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	8	2	9	3
Verbande en langtermynlenings	576	261	383	7
Ander	30	4	3	34
Korttermyn	777	99	489	217
Totale onregstreekse belegging	6 863	1 972	2 434	603
Totale belegging				
Sentrale regering en banksektor	1 464	256	526	267
Langtermyn	1 275	207	409	4
Korttermyn	189	49	117	263
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	2 759	805	412	13
Langtermyn	2 696	788	406	13
Korttermyn	63	17	6	—
Private sektor	10 477	1 975	4 413	550
Langtermyn	8 556	1 744	3 679	236
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1 029	225	382	25
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	6 294	1 181	2 627	141
Saldo's van takke en vennootskappe	56	4	124	—
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	75	2	37	3
Verbande en langtermynlenings	1 069	328	506	32
Ander	33	4	3	35
Korttermyn	1 921	231	734	314
Totale buitelandse laste	14 700	3 036	5 351	830

TABLE 1
FOREIGN LIABILITIES OF SOUTH AFRICA, 31 DECEMBER 1980
R millions

Asie Asia	Oseanië Oceania	Internasionale organisasies International organisations	Nie toege- deel nie Unallo- cated	Totaal Total	
3	—	—	—	433	Direct investment
—	—	—	—	393	Central government and banking sector
3	—	—	—	40	Long-term
129	117	—	19	11 880	Short-term
112	114	—	7	10 230	Private sector
17	16	—	1	1 424	Long-term
80	85	—	2	7 783	Ordinary and other shares, nominal value
5	2	—	—	191	Share premium, reserves and undistributed profit
—	—	—	—	95	Branch and partnership balances
9	11	—	4	732	Debentures, loan-stock and similar securities
1	—	—	—	5	Mortgages and long-term loans
